Graad 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EKSEMPLAAR

VRAESTEL 3

November 2014

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.
7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:
   70 minute aan Afdeling A
   30 minute aan Afdeling B
   20 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL
VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1.

Sjoe, dit was amper!	

OF

1.2. Jy wil aan 'n skryfkompetisie deelneem van Jakkaranda FM. Die tema van die opstel is: "Die kontakte op my selfoon". Die Prysgeld is R5000.

	Die kontakte op my selfoon.

Dink aan die volgende:

- Wie se nommers op jou selfoon is.
- Nommers wat die belangrikste is.
- Nommers wat jy al lankal wou geskrap het.
- Hoekom jy so baie/min nommers het.
- Hoe jy die nommers stoor.

OF

1.3.

	Twitter

OF

1.4. Ek sal dit baie geniet om…

OF

1.5. **Wel, aan die anderkant…**

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

OF

1.6.2.

OF

1.6.3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1.

Skryf 'n FORMELE BRIEF waarin jy VERSOEK dat jou bure iets moet doen omtrent hulle honde wat die hele nag blaf.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Details van die probleem (die honde wat blaf).
- Die implikasies van die honde wat blaf op jou en jou familie.

OF

2.2.

Jy is op die paneel van die Kultuurklub. Trek die AGENDA EN die NOTULE van 'n vergadering, wat gehou is, op. Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

Agenda	Notules van die vergadering
• Die datum van die vergadering. • 'n Oorsig van alles wat die vergadering sal orden en sake wat bespreek gaan word.	• Die datum van die vergadering • Wie afwesig is. • Verskonings. • Sake van die vorige notule. • Sake wat bespreek is – elk met sy eie opskrif en kortlikse samevatting. • Datum van die volgende vergadering. • Afsluiting.

OF

2.3.

Jy is 'n verslaggewer van julle skoolkoerant en is gevra om 'n onderhoud met 'n Graad 12 leerder te hê. Skryf die ONDERHOUD wat jy met Graad 12 leerder gehad het.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help met die vrae wat jy vra:

- 'n Kort oorsig van sy / haar ervarings by julle skool.
- Sy / haar wense vir die skool se toekoms.
- Wat die leerder dink julle skool unieke maak.
- Sy/ haar toekomsplanne.

OF

2.4.

Jou beste vriend het gesterf aan 'n oordosis dwelms en jy is gevra om 'n HULDEBLYK te doen by sy / haar begrafnis. Skryf oor dinge soos:

- Wat julle vriendskap spesiaal gemaak het.
- Dinge wat jou vriend / vriendin in sy / haar kort lewe bereik het.
- .Woorde van simpatie aan die familie.
- 'n Algemene waarskuwing aan tieners oor die gevolge van dwelmmisbruik.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE
VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jy en jou jou broer/suster het 'n hewige argument gehad. Skryf wat gebeur het en hoe jy daaroor voel deur 'n DAGBOEKINSKRYWING te doen.

OF

3.2. Jy gaan binnekort jou 16de VERJAARSDAG vier en jou ouers het toestemming gegee dat jy 'n partytjie mag hou. Ontwerp 'n UITNODIGING wat jy aan jou vriende gaan stuur.
Onthou om die volgende in te sluit:

- Tyd, datum en plek.
- Kleredrag.
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- RSVP, ens.

OF

3.3. Ontwerp en skryf 'n POSKAART aan jou vriend / vriendin en vertel hom / haar van jou ervarings by 'n kamp waarby jy is.
Skryf oor dinge soos:

- Waar julle bly.
- Wat jy elke dag doen.
- Hoe dit daar lyk, ens.

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20
VRAESTEL TOTAAL - 100